



SA BOERPERD TELERSGENOOTSKAP KANTOORVERSLAG

Augustus 2016

Elize Prinsloo

Graag maak ek gebruik van die geleentheid om verslag te doen van die SA Boerperd Telers Genootskap se funksies / verwickelinge wat plaas gevind het in die afgelope jaar vanaf 2015-2016

1. ALGEMEEN:

Die SA Boerperd Telersgenootskap het op die 30/06/2016 'n totaal van 3592 geregistreerde perde wat bestaan uit: 2183 Merries en 986 Hingste. Die kantoor ontvang gereeld navrae van nie-lede wat perde koop/ ontvang wat vermoed dit is moontlik 'n SA Boerperd. Daarvan word \pm 10% miskien positief geïdentifiseer as SA Boerperd.

2. KEURINGS:

- Vir die Merrie / Reun keuring is daar 'n totaal van 216 perde is daar voor aansoek gedoen om gekeur te word vir 2016. 174 merries en reun perde is gekeur: 80% slaagsyfer.
- Tydens hingskeurings is daar 'n totaal van 65 hingste voor keuring gebring . Die hings-keuring het op 'n streekbasis plaasgevind en gedurende die keurings is daar 42 hingste gekeur: 65% slaagsyfer.

'n Totaal van 16 keurders is gebruik en in die volgende streke ingedeel: Gauteng, Mpumalanga, Kwa Zulu-Natal, Vrystaat, Kaap en Noord Kaap. Daar was ook die jaar 'n keuringstoer na Namibië waar 18 perde voor keuring gebring is. Tydens die onderskeie keuringstoere het 10 junior keurders bygestaan as deel van hulle opleiding. 'n Totaal van 19 603 Km is deur die keurders afgelê om al die perde te kon keur.

3. VEILINGS:

- Tydens die Elite Wes Kaap Veiling is daar slegs 2 perde verkoop. Mnr. Tielman Roos het as beskermheer opgetree.
- Mnr. Coetzee van Goedgedacht stoet het 'n elektroniese veiling op Facebook se bid-or-buy aangebied met 20 perde - 'n eerste vir die genootskap.

Verslae het getoon dat die perde baie goed voorgebring is en dat daar baie belangstelling is in perde wat geleer is. Daar word 'n 1% kommissie gehef op die totale verkoopprijs van veilings onder die beskerming van die genootskap.

4. GEBOORTES:

'n Totaal van 379 geboortes is aangeteken. Daar is 'n aantal stoete wat op 'n gereelde basis gebruik maak van die elektroniese geboorte aantekening. Die kantoor maak ook gebruik van die diens om vullens wat dringend op die stelsel moet kom om die stoet in staat te stel om die vul te kan skou tydens skoue.

Probleme: Daar is 'n baie lang lys van diere wat "pending" lê in die kantoor. Die dokumentasie wat benodig word om dit te kan afhandel is meestal die CEM sertifikate van die hingste en dekkingsertifikate. Die DNA proses word nou deur die lede verstaan en saam met elke geboorte-kennisgewing ontvang die kantoor hare in vir DNA en die gevolglike bevestiging van ouerskap.

Stappe gevolg: Die kantoor stuur 2 keer per jaar vir alle lede 'n e-pos uit om hulle in kennis te stel van uitstaande dokumentsie soos nodig om die "pending" te kan verwyder. Daar is meer stoete wat direk daarop reageer as stoete wat dit ignoreer. Die jaar het die kantoor die Onderspoort - fakulteit van Veeartsenykunde se e-pos bekom om die CEM sertifikate van tersaaklike hingste direk te kan aanvra. Dit vergemaklik die proses baie.

5. OORDRAGTE:

'n Totaal van 228 oordragte is suksesvol gefinaliseer gedurende die finansiële jaar.

Probleme: Die oordrag van perde word bemoelik deur lede wat nie die oorspronklike sertifikate instuur na die kantoor om die oordrag te kan noteer en nuwe sertifikate te kan uitreik in die nuwe eienaar se naam nie. Met die Poskantoor wat gestaak het gedurende die jaar, het BAIE sertifikate verlore geraak. Duplikaat - sertifikate moes uitgereik word teen 'n ekstra koste aan die eienaars. Die grootste probleem is egter dat oordragte nie afgehandel kan word as gevolg van "pending"-status nie.

6. KANSELLASIES / PER KAPITA:

Per Kapita kuddelyste word jaarliks gedurende Mei maand elektronies uitgestuur na die lede om te kontroleer of die diere wat op hulle kuddelyste is, korrek is. Sodra die lede die regstelling gemaak het en die vorms terug kantoor toe stuur, is die kantoor in staat om die regte bedrag teen die lede se rekening te faktureer. Slegs 30% van die lede reageer op die skrywes en dan sodra die kantoor hulle faktureer vir die bedrag volgens ons rekords dan wil hulle eers dan die nodige regstellings laat maak. Die heffings van die kudde is slegs op geregistreerde perde vir die huidige finansiële jaar 2015-2016 van toepassing.

Aantal sterftes deurgegee	:	367
Aantal kansellasies	:	489

Lede wat toegang tot die internet, kan hul kuddelyste, asook die lys van diere wat "pending" lê (met die rede) trek by: www.logix.org.za. Stamboek het ook nog 'n funksie vir ons moontlik gemaak : die teler kan sy eie diere nou elektronies kanselleer.

7. SMS'E:

Ons Nuwe Raadslid, Petro Grové het met die voorstel vorendag gekom dat ons die D6 Communicator vir die genootskap moet aanskaf. Die stelsel word deur die skole gebruik om ouers op hoogste te hou van verwickelings. Die Raad het die versoek goedgekeur en die Communicator is op 1 Maart 2016 in gebruik geneem. Alle lede het talle SMS'e ontvang om die communicator in die verband. Die stelsel is reeds in gebruik deur talle lede. Tydens die AJV 2016 sal daar weereens 'n inligtingsessie wees om lede daarmee behulpsaam te wees. Die Communicator herinner die lede kort-kort van nuus, skoue, inskrywings, vergaderings, ens. en vervang daarom die funksie van die Nuusbrief, sowel as die voorheen gedrukte kalender.

Die sms stelsel word nog gebruik deur die kantoor vir boodskappe wat langer as 135 letters is en is veral van toepassing op agterstallige rekeninge (finansies).

8. FINANSIES:

Fakture word vanaf die 25ste van elke maand aan die rekeninge afdeling deurgegee om die lede te faktureer vir dienste. Baie van die lede betaal sodra hulle die faktuur ontvang. Daar is egter nou weer 'n groot aantal lede waarvan rekeninge op 120 dae oud is. Die kantoor probeer voortdurend om dit in te vorder.

Die Finansies-Afdeling van SA Stamboek het die invordering van uitstaande geld baie vergemaklik en sodoende is daar ook beter beheer oor finansiële bestuur van rekeninge. Geen lid ontvang enige dienste indien hulle 'n rekening het wat 90 dae en meer uitstaande is nie.

9. NUWE LEDE & BEDANKINGS:

Aantal telers : 197 (waarvan 166 aktief en nie by Stamboek opgeskort is nie)
Aantal skou-lede : 32
Nuwe lede : 6
Bedankings : 24

10. KORRESPONDENSIE:

Korrespondensie geskied grotendeels deur die Communicator plaas (Sien punt 1.3).

Die versending van sertifikate en paspoorte is egter 'n baie groot probleem aangesien die poskantoor se diens baie onbetroubaar is en ons die meeste van die tyd koerier dienste, met hoër onkoste vir die lede, moet gebruik.

11. DNS

DNS is nou relatief vanselfsprekend wanneer geboorte-kennisgewings ingestuur word. Lede stuur die perde se sterthare na die kantoor toe en die kantoor kan daarom akkuraat rekord hou en die nodige administrasie doen. Die hare word per koerier na Unistel Mediese laboratorium gestuur. Die omkeer tyd om die resultate terug te ontvang is gewoonlik 2 weke. Daar was baie gevalle waar ons dringende DNA uitslae moes kry en Unistel het werklik baie moeite gedoen om binne 3 dae die resultate beskikbaar te hê. Dit is 'n plesier om saam met Hester Theron van Unistel te werk. SA Stamboek skakel een keer 'n week met Unistel waar die resultate elektronies gesinkroniseer word.

12. NASIONALE KAMPIOENSKAPPE

Die Nasionale Kampioenskappe is in 2016 het vir die 2de agtereenvolgende jaar in Julie gehou. Daar was 'n totaal van 231 perde wat deelgeneem het. Baie nuwe lede het ingeskryf. Die Kampioenskappe is wyd geadverteer om sodoende toeskouers te trek. Daar was ook radio-onderhoude en TV advertensies ter sprake. Die radiostasie ASTV het ook beeldmateriaal vir latere uitsending op die program Feesvoete opgeneem om op 'n latere stadium op TV uit te saai. Die laaste dag van die Groot Kampioenskappe was daar baie belangstellendes wat kom kyk het.

Gedurende die Stêr-hings Dinee, is daar 'n total van 20 hingste ingeskryf en die hoogste bod was toegeslaan op die hingse Lang Carel Vrystaat vir R14 000.

Die stervullens van die Stêr-hings veilings 2014 se prysgeld het R63 900 beloop en die wenners was:

1ste plek: Mnr. David De Wet met die vul Disselboom Lego. Prys geld: R38 300;

2de plek: Mnr. Frikkie Combrink met die vul Tokoza McLaren. Prys geld: R19 200;

3de plek: Mnr. JJ Kemp (nuwe lid) met die vul Fernview Invictus. Prys geld: R6400.

Die SA Boerperd het ook besluit om perde in kampioenskapsklasse op 'n lukraak basis te laat toets vir verbode middels. Al die toetse vir verbode middels was negatief (almal skoon).

13. RAAD:

Mnr. Frikkie Combrink is weereens verkies as die President vir die termyn 2015-2016 met mnr. Jan Joubert as Vice President. Daar was nie 'n dagbestuur nie aangesien die Raadslede voortdurend op WhatsApp kommunikeer. Dit word ook genotuleer.

Die AJV 2015 het plaasgevind op 3 Oktober 2015 in die Parys Afri-Dome se saal. Die Raad, vanaf daardie datum, bestaan uit 9 Raadslede wat van die volgende streke afkomstig is: 2 Wes-Kaap, 4 Gauteng, 1 Mpumalanga, en 1 Kwa-Zulu Natal. Raadsvergaderings is by Tokoza, Rooigras & Joop stoete gehou om kostes te bespaar. Daar is 'n totaal van 3 Raadsvergaderings gehou gedurende die afgelope jaar en die 4de vergadering vind plaas op 23 September 2016 te Frankfort, Vrystaat.

14. NUUSBRIEWE

Die SA Boerperd Telersgenootskap het reeds 3 Nuusbriewe die Afgelope jaar die lig laat sien op die 18 November 2015, 1 Februarie 2016 en 15 Mei 2016. Die Lid wat verantwoordelik is vir die Nuusbriewe is die baie bekwame Raadslid Petro Grové .

In die verlede is lede hiermee in kennis gestel van nuwe verwikkelinge, nuwe skou-reëls, asook ander algemene inligting. Die Nuusbriewe (in Afrikaans en Engels beskikbaar), was uiters gewild en op die webblad geplaas vir almal om te sien. Dit is egter op 1 Maart vervang met die d6Communicator wat ook vanaf die webblad geïnstalleer kan word. Hiermee is kommunikasie vinniger en meer effektief. Dit is ook twee-talig.

15. WEBBLAD:

Ons webblad-administrateurs is Quiksolve. Quiksolve het die opdrag ontvang om die webblad interessant en vars te hou met gereelde nuwe foto's en temas. Dit is so ontwerp dat dit ook op selfone en i-pads gebruikersvriendelik is.

Alle inligting word gereeld opgedateer deur kantoor en Petro Grové wat sorg dat dit spelling, formaat, ens. korrek en gebruikersvriendelik is. Slegs hulle skakel met die webblad-administrateurs. Inligting word deur alle Raadslede waar van toepassing aan die kantoor en Me. Grové gegee vir plasing.

TEN SLOTTE

Op die 1 September 2016 was my 5de herdenking as sekretaresse van die SA Boerperd Telersgenootskap by SA Stamboek. In hierdie tyd het ek meer hoogtepunte as laagtepunte beleef. Dankie vir die geleentheid.

Elize Prinsloo

SEKRETARESSE



Signature:
Handtekening:

Datum:
Date: